

Woensdag 27 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 1:18-32; HK Sondag 4, Antwoord 10

Fokusgedeelte: Romeine 1:18, 24, 26, 28

God se toorn – nou al geopenbaar

Die meeste van ons is daarvan bewus dat God se toorn oor die sonde en die sondaars op 'n skrikwekkende wyse geopenbaar sal word op die dag as Christus weer kom (Rom. 2:5, 8). Wat nie altyd so duidelik besef word nie, is dat God se toorn oor die sondaars heel dikwels nou al geopenbaar word. In Romeine 1:18 en verder toon Paulus duidelik aan dat God sy toorn oor hulle openbaar deur hulle aan seksuele losbandigheid en ander goddelose gesindhede en dade oor te gee.

Gewoonlik word dit nie so deur ons gesien nie. Seksuele losbandigheid word meesal deur ons beskou as die oorsaak van God se toorn, en dat God se toorn dan geopenbaar word in sake soos oorloë, aardbewings, droogtes, depressies, ensovoorts. In bepaalde gevalle is dit ook waar: seksuele oortredings kan die toorn van God oor die sondaar tot gevolg hê, soos duidelik uit die geskiedenis van Dawid blyk. Paulus toon egter in Romeine 1 dat die saak ook 'n ander kant het, en dit is *dat seksuele oortredings op sigself reeds die openbaring van God se toorn oor die betrokkenes kan wees*. Anders gestel: seksuele losbandigheid is in sulke gevalle reeds deel van God se straf op hulle sonde. Omdat hulle die openbaring van God wat na hulle toe gekom het, verwerp het, daarom het God hulle in sy toorn in die stroom van seksuele losbandigheid ingestamp sodat hulle in hulle eie onbeheerste welluste kan verdrink.

Drie maal gebruik Paulus in Romeine 1:18-23 die uitdrukking: *Daarom gee God hulle oor ...*

- Vers 24: *Daarom gee God hulle oor* aan hulle eie wellustige begeertes.
- Vers 26: *Daarom gee God hulle oor* aan skandelige hartstogte sodat teen die natuur in vrouens met vrouens en mans met mans seksueel verkeer.
- Vers 28: *Daarom gee God hulle oor* aan 'n slegte gesindheid om te doen wat nie betaamlik is nie.

Seksuele losbandigheid is in sulke gevalle nie net 'n sondige lewe wat God vertoorn en wat Hy sal straf nie; *dit is reeds God se straf*.

Ware bekering en gelowige aanvaarding van die evangelie van Jesus Christus is die enigste wyse om aan die toorn van God te ontkom (Rom. 1:16).